## Salomon Pienaar

**From:** Donavan Henning
**Sent:** 25 May 2009 15:26
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** FW: Mokolo en Krokodilrivier vergroting projek

---

**From:** Pieta Badenhorst [mailto:pieta.baden@mweb.co.za]
**Sent:** 23 May 2009 07:46
**To:** makoppa-water fanie vogel
**Cc:** makoppa water Donovan Henning; makoppa water O vd Berg
**Subject:** Mokolo en Krokodilrivier vergroting projek

Aan:
Fanie Voges;
Donovan Henning;
Mnr vd Berg.

Menere,

Ek het in die verlede kontak gehad met Fanie. Hy het aan my dan u besonderhede verskaf. Ek neem dan nou die vrymoedigheid met u toestemming om kontak te maak met die doel om inligting te verkry, kwellings te beseer en indien nodig, saam met u oplossings te soek ten opsigte van die moontlike gevolge van die beoogde projek hierbo vermeld.

My betrokkenheid verteenwoordig die belange van die mense, diere en plante asook die omgewing wat geaffekteer mag word bo die opvanggebied vanuit die krokodilrivier deur die werking van bovermelde projek.

Ek verkies met u instemming om eerder op rasionele vlak en gespesialiseerd te kommunikeer namens die instansies wie ek verteenwoordig, en ook myself as eienaar van 'n moontlik geaffekteerde plaas in die tref gebied. Eerder as om ons saak te kom stel op 'n vergadering wat gewoonlik beinvloed word deur emosionele deelname en wat moet probeer fokus op uiteenlopende menings, voorstelle en sienings.

Daar is 'n probleem hier, slegs in die geval van 'n te kort aan water. Hierdie probleem kan grootliks effektief aangespreek word deur effektiewe toepassing van die bestaande "orde" wat beheer behoort te word deur die waterwet. Dit vind nie tans effektief plaas nie, met die gevolg dat die beskikbare water vanaf Brits tot verby Thabazimbi in 'n groot mate onwettig onttrek word vir eie gewin onder die regverdiging van kos produksie vir die nasie.

Met die inlaat van meer water in die stelsel sal dit 'n foutiewe redenasie wees dat hierdie hoeveelheid "addisionele" water nou eintlik beskikbaar is vir weg rangering na Lephalale sonder om die bestaande stelsel te beinvloed. Dit is so omdat daar meer onwettige onttrekkings gaan plaasvind indien meer water beskikbaar is enersyds, en andersyds sal meer water weg syfer ens.

Die kern vraag wat hier beantwoord moet word is die volgende: Indien daar nie genoeg water is vir die natuur, die diere en die mense bo die beoogde opvang gebied enersyds,teenoor die behoefte van die projek andersyds nie, Wie gaan eerste aanspraakmaker wees op die water wat inderdaad beskikbaar is?

Indien die antwoord op die vraag is dat ten minste die natuur inderdaad beskerm moet word deur toe te sien dat voldoende water eers deurgelaat moet word alvorens water weg gerangeer word na Lephalale toe dan is daar reeds 'n meet wal van waterwese in plek wat hierdie bestuur van water kan help monitor.

Indien die antwoord op hierdie vraag is dat in die geval van te korte die natuur, diere en mense bo die beoogde opvanggebied "geoffer" sal word ten koste van die versekering van beskikbare krag dan moet u asseblief dit nou so se sodat die moontlike gevolge ook in die geval duidelik sal wees vir almal.

Indien u voel daar is meriete dat ons hierdie saak meer volledig bespreek, is ek beskikbaar om deel te neem aan 'n gefokusde vergadering deur my met u waartydens ons hierdie punte meer in diepte kan bespreek sodat ek daarna in 'n posisie is om 'n breedvoerige verslag te kan lewer aan die belanghebbendes aangaande welke maatreels sal geld om te verseker dat daar nie skade gemaak word nie, of dan dat skade wel gemaak kan en sal word as daar nie genoeg water vir almal is nie, maar dat dit geregverdig is om so te doen. Ons moet weet presies waar ons staan ten opsigte van die moontlike gevolge van die projek.

U terugvoering, of beter nog, 'n samekoms met u waartydens die punte bespreek kan word man teen man sal hoog op prys gestel word.

Ek hoor graag van u.

Groete,

Pieta Badenhorst.

--
This message has been scanned for viruses and
dangerous content by **Pinpoint Securemail**,
and is believed to be clean.